**Die Burger, Vrydag, 9 Mei 2014 - FORUM**

# Twee seuntjies en 'n muis

**Op 'n stemdag kyk 'n mens met ander oë na wat om jou aangaan, skryf Murray La Vita.**

Ek staan in Woodstock langs die speelterrein van die ou skool Queen's Park High waar ek een winderige nag 'n muis kom loslaat het wat ek in ons huis hier onder in die straat in 'n All-Bran-boks gevang het.

Tabisa Ozinsky en Vuyokazi Ntlanganiso is in beheer van die ANC-tafel op die sypaadjie. Hulle sit op stoele aan weerskante van die opslaantafel wat met ANC-plakkate bedek is en waarop allerlei ANC-biljette lê.

Die wind is lastig. Een van die baniere wat agter hulle aan die skool se gietyster-heining vasgemaak is, het so gewaai dat 'n mens nie die voorkant kan sien nie. Die een langsaan hang nog reg en daarop kan jy lees: "Together we have made South Africa a better place today than it was in 1994." In die middel is foto's waarvan die grootste een is van 'n swart man wat op 'n fiets ry verby wat lyk na Hop-huise. Onder staan: "We have a good story to tell."

Dit is 09:30 op nasionale stemdag. Die tou mense wat wag om in die skool te gaan stem, is sowat 50 meter lank. Daar is mense van alle rasse, 'n baba in 'n stootwaentjie en 'n bruin hondjie aan 'n halsband.

Van die mense probeer (soos die bywoners van sportgeleenthede, kunstefeeste of optredes deur Bruce Springsteen) deur hul voorkoms iets uitdruk of dalk onbewustelik hul deelname aan die proses ritualiseer.

'n Jong man en 'n jong vrou het byvoorbeeld 'n afbeelding van Afrika voorop hul bruin T-hemde. In die middel van die kontinent is 'n hart. 'n Kort man met 'n borselkop dra 'n T-hemp van Linkin Park, met onder die naam van die rockgroep die verwronge kop en gesig van 'n menslike figuur. Hy lyk nie vriendelik nie.

In die elegante grys kapsel van 'n vrou is daar veegsels blou. Dit is nie wat ons ken as die perserige *rinse* waarmee vroue van 'n sekere ouderdom soms nog pryk nie. Hierdie blou is waarskynlik opgespuit om haar steun aan 'n politieke party uit te druk.

Tabisa en Vuyokazi gesels oor 1994. Albei het 'n goue kroon in een van hul voortande wat in die herfsson blink wanneer hulle glimlaggend vertel van daardie dag op 27 April toe die meerderheid van die land se mense vir die eerste keer kon stem.

Sy het in Grahamstad gestem, sê Tabisa. "Dit was só opwindend. Dit was die eerste keer dat ek gestem het. Ek het dit geniet om in die tou te staan. Die tou was só lank."

Sy beduie met die swaai van 'n arm straataf. Daar is iets kinderliks aan haar vertelling: 'n kind wat voor in haar klas staan en 'n mondeling lewer oor haar vakansie.

"Ek was saam met my pa en my ma. Ons was só opgewonde, ek en my ma . . . my pa was stil. Ek dink ons het sesuur die oggend daar aangekom en eers die aand huis toe gegaan. Ons het nie gepanie nie, want ons wou hierdie ding doen."

Vuyokazi het in Port Elizabeth gestem. Ook sy vertel van die lang toue en die opwinding.

Die gesprek word onderbreek toe 'n wit ANC-bussie langs ons stilhou. 'n Man klim aan die passasierskant uit.

Tabisa, vrou van Max Ozinsky, ANC-LPP, lig haar gebalde vuis en sê: "Viva, comrade."

Dit is 'n tentatiewe gebaar, asof sy nie seker is of dit die regte ding is om te doen nie.

'n Kort gesprek oor 'n administratiewe aangeleentheid volg en dan ry die bussie weer.

Hierdie stemdag is ook opwindend, sê Tabisa.

"Ek het nie gisteraand geslaap nie só opgewonde was ek. Ek bly in Nuweland, maar ek en my vriende was in Khayelitsha, waar ons regdeur die nag struggle-liedere gesing en nog probeer stemme werf het."

Liedere soos "Senzeni Na?" (Wat het ons gedoen?) wat ek my herinner by die begrafnis van die vermoorde SAKP-leier Chris Hani gesing is. En by baie ander begrafnisse van mense wat in die struggle gesterf het.

Daar is diegene wat meen die lied behoort vandag (met betrekking tot die ANC-regering) te lui: "Wat het ons aangevang?"

Tabisa, 'n vrou van buitengewone skoonheid, het pres. Jacob Zuma al ontmoet. Dit was by 'n ANC-saamtrek hier in die Kaap. Sy kan nie onthou presies wanneer dit was nie.

"Daar is 'n foto van die twee van ons geneem. Hy was toe nog nie lank president nie. Dit was só opwindend om langs hom te staan. Ek was soos in: 'OMG, ek is langs die president!' "

Sy kantel haar kop asof sy haar aanvly teen die skouer van 'n onsigbare man langs haar.

"Ek kan nie onthou wat ek besig was om vir hom te sê toe hierdie vrou van ons begin foto's neem nie. Toe onderbreek hy my en sê: 'Kyk na die kamera, Sissie.' "

Daar word uitbundig gelag.

"Ja, ek was so opgewonde daar saam met my president."

Ek voel soos 'n pretbederwer wanneer ek sê-vra: Vandag word hy deur baie mense gekritiseer.

"Ons sal nie na daardie dinge luister nie. Dis die lewe. Mense praat en dan eendag hou hulle op praat. 'n Mens moet net aangaan met die lewe."

Ons gesels nog 'n rukkie. Ek vertel hulle toe ek en my vriendin die dag hier in die ou skool was om vir die plaaslike verkiesing te registreer, het sy 'n foto van haar ouma Carter teen 'n muur in die portaal gesien.

Daarby was 'n plaatjie om te sê sy was die eerste leerling van die skool wat 'n graad behaal het.

Haar ouma het as kind saam met haar gesin hier teen die hange van Duiwelspiek in 'n tent gewoon. Dit is die behuising wat verskaf is aan die arm gesinne van mans, soos haar pa, wat in die Anglo-Boereoorlog geveg het.

Wanneer ek later in die skool is om te stem, kyk ek rond, maar sien nie die foto daar nie. Dit is óf verwyder óf iewers gebêre, neem ek aan.

Oorkant die pad kom 'n lenige jong man met 'n swart baard uit sy Victoriaanse skakelhuis. Hy kyk, asof verbaas, na die tou mense op die sypaadjie en klim dan in sy olyfgroen Peugeot 406 met 'n branderplank op die dak, en ry weg.

Om 09:50 begin ek in die tou staan om te gaan stem. 'n Jong man agter my sê: "Uhm, it is actually moerse long." 'n Vrou antwoord: "I know it is a mission, but let us just get it done."

Moerse lank? Ek neem aan hulle het nie in 1994 gestem nie.

Ek dink skielik aan die tou buite die paleis van Versailles. Naas die stemtoue van 1994 is dit die langste tou wat ek nog teengekom het.

Jy staan ure daar voor die paleis, 'n plek van verstommende oordaad en praal wat die Sonkoning, Louis XIV, vir homself geskep en waar hy gewoon het terwyl sy onderdane gekrepeer het van ellende. Op die presiese plek waar jy staan, het 'n skare honger mense op 5 Oktober 1789 verbygestorm.

Wanneer jy uiteindelik in die paleis is, kan jy die geheime deurtjie in die slaapkamer van koningin Marie Antoinette sien waardeur sy ontsnap het.

Soos ons weet, is sy en haar man, koning Louis XVI, later gevang en onthoof.

Op die DA se tafel is daar benewens DA-lektuur twee piesangs en 'n Tupperware-houer met plat rooi en blou suigstokkies en van daardie Fizzer-stafies in.

Die egpaar John en Dittany de Villiers is hier aan diens.

'n Rustige en gemoedelike atmosfeer heers by die stemmery. Hy het Vuyokazi en Tabisa vanoggend gehelp toe hul pamflette begin wegwaai het, sê John.

Hy is 'n ingetoë man wat lyk asof hy vroeg grys geword het. By navraag sê hy hy is van die Paarl se De Villierse.

Die spogeiendom Zomerlust het eens aan die De Villiers-familie behoort, hoor ek later by Dittany.

Twee van sy grootjies, 'n De Villiers en 'n Louw, was parlementslede.

"Dis lekker om deel te kan wees van hierdie draad wat uit die verlede deurloop tot by die regte punt toe almal stemreg gekry het," sê hy.


Agter my in die tou is die egpaar John en Jo-Anne Scheepers van Soutrivier en hul aangenome bruin seuntjies, Domingo (6) en Nathan (5).

Ek hoor die een seuntjie – ek kyk nie om en weet dus nie watter een nie – sê: "Daddy, I'm copying you!" terwyl hy, soos sy pa, teen die randsteen skopskop.

John, 'n pastoor, vertel later: "Hulle is biologiese broers. Nathan was twee maande oud, en Domingo het ons net voor sy derde verjaardag gekry; so Domingo is my oudste."

Om 10:40, net voordat ek by die skool se deur ingaan om te gaan stem, haal Nathan iets uit sy broeksak. In die palm van sy handjie lê 'n ovaalvormige rooi bessie wat hy opgetel het. Hy wil hê ek moet daarna kyk. Ek stel voor dat hy 'n tekening daarvan maak.

Nee, sê hy, hy wil dit plant en kyk wat opkom.




**John en Jo-Anne Scheepers met hul seuns, Domingo (6, links) en Nathan (5), in Woodstock. 'n Geamuseerde stemmer (links) kyk toe.** Foto's: LEÁNNE STANDER



**Vuyokazi Ntlanganiso (links) en Tabisa Ozinsky was in beheer van die ANC se tafel voor Queen's Park High.**